

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van: Alida Naudé

Universiteit: Universiteit van Pretoria

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting: Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie

Titel van Artikels:

(En in watter Tydskrif gepubliseer)

Statistiese evaluering en voorspelling van woordherkenningtoetstellings van die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(1).
Etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-2), 501-520.

Datum wanneer artikels gepubliseer is:

Maart 2018 & Junie 2017

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

In die oudiologiese toetsbattery word spraakoudiometrie klinies meer sensitief as suiwerton-oudiometrie geag om verlaagde auditiewe analitiese vaardigheid in terme van komplekse akoestiese strukture in individue te identifiseer, omdat dit ook hoëvlak linguïstiese funksie in die evaluering insluit. Hoewel spraakoudiometrie dus as 'n belangrike komponent geag word, is daar tot op hede geen foneties gebalanseerde Afrikaanse spraakmateriaal beskikbaar om woordherkenning mee te meet nie. Woordherkenning moet in individue se eerste taal bepaal word ten einde 'n meer verteenwoordigende beeld van hul daaglikse kommunikasie funksionering te verkry. Die hoofdoel van hierdie navorsing was om die geldigheid van die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA) statisties te bepaal om woordherkenning in 'n bepaalde Afrikaanse populasie te meet. Die navorsing is gebaseer op 'n kwantitatiewe retrospektiewe studie van die oudiologierekords van deelnemers wat by 'n privaat oudiologiepraktijk geassesseer is. Die FVEWA is geëvalueer in terme van interlys-ekwivalensie en prestasie-intensiteit funksie vir gebruik in kliniese praktyk. Daar is bevind dat die ses FVEWA-woordlyste statisties ekwivalent is wat moeilikheidsgraad betref. Die gemiddeld waar deelnemers 50% korrekte woordherkenning bereik het, was 14.2 dBGP. Die helling van die woordlyste wat in die FVEWA gebruik is, was 3.1%/dB by 50% (%/dB).

'n Begrip van die kliënt, sy/haar behoeftes, emosies en omstandighede vorm die basis van 'n doeltreffende terapeutiese verhouding. Diensuitnemendheid en etiese sensitiwiteit vorm saam met hierdie holistiese kliënt-terapeutbenadering die boustene vir doeltreffende dienslewering. Die Meetinstrument vir Etiese Sensitiwiteit in die Terapeutiese Wetenskappe (MIEST) is die eerste multidissiplinêre meetinstrument beskikbaar om etiese sensitiwiteit van oudioloë en ander terapeute te evalueer. In 'n eeu waar terapeute daaglik gekonfronteer word met etiese besluitneming is dit belangrik om die vlak van ontwikkeling van terapeute in verskillende fases van etiese besluitneming te bepaal. Die MIEST kan in die toekomst as rigtingwyser vir werkswinkels en professionele ontwikkelingsprogramme gebruik word. Etiese sensitiwiteit is die eerste stap in die raamwerk van etiese optrede en word daarom as die vertrekpunt vir hierdie navorsing beskou. Die hoofdoel van hierdie studie was om die etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë te ondersoek met verwysing na spesifieke beginsels en vaardighede. 'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp is gevolg met die gebruik van 'n reeds ontwikkelde meetinstrument, naamlik die MIEST. Vyftig deelnemers het die meetinstrument voltooi. Data-insameling het elektronies plaasgevind. Die data is kwantitatief ontleed deur middel van beskrywende sowel as parametriese en inferensiële statistiek. Die gemiddelde prestasie van praktiserende oudioloë was 65%, wat hul in die "ontwikkelende" fase van etiese sensitiwiteit plaas. Die hoogste vlak van etiese sensitiwiteit was in ooreenstemming met die beginsel van geregtigheid asook die vaardigheid naamlik emosionele uitdrukking. 'n Behoeftes is geïdentifiseer om oudioloë se etiese sensitiwiteit spesifiek ten opsigte van nie-kwaadwilligheid, beheer oor sosiale vooroordeel en die vertolking van situasies te verhoog. [444]